

**Sing vooraf staande:** Skrifberyming 10-1:1, 2 (28:1, 2)

- 1 O Vader, in die hemel hoog, / tot wie ons ophef hart en oog,  
ons bid in stille eerbiedenis: / Gee dat u Naam, wat heilig is,  
deur ons geken, geëer, gevrees / in alles mag geheilig wees.
- 2 Gee dat u koninkryk mag kom, / in Christenland en heidendom,  
in sy triomfe eindeloos! / En laat ons op die aarde, soos  
die eng'le wat u troon omring, / gewillig, Heer, u wil volbring.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

Psalm 145:1, 2, 12 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die Heer!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

**Gebed**

Skrifberyming 2-5:1, 3 (35:1, 3)

- 1 O dieptes vol geheimenis / wat vir ons oog onpeilbaar is!  
O wysheidsbron en kennis wat / die som van alle dinge omvat!  
Nog dieper as die hemelrond / is God se oordeel, sonder grond.  
En dieper as die diepste seë, / so onnaspeurlik is sy weë.
- 3 Uit Hom – die Bron van alle goed; / deur Hom – wat alles dra en voed;  
tot Hom – die eind van al wat streef, / wat is en word, wat roer en sweef,  
tot Hom is alle dinge wat / Hy met een wilsgreep gans omvat,  
Aan Hom, die God wat ewig lewe, / sy ewig lof en eer gegewe.

**Skriflesing:** Jeremia 9:23-24; Johannes 17; Heidelbergse Kategismus, Sondag 47:122

**Kernvers:** Jeremia 9:23-24

**So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE. (Jeremia 9:23-24 AFR1953)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 122: Wat is die eerste bede?**

*Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).*

*(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8; 115:1.*

**Tema:** Om God te ken is die ewige lewe

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer Christus ons beveel om God as *ons Vader* aan te roep, besef ons dat Christus sy eer daarin stel dat ons God so aanroep. Christus het sy Vader verheerlik deur sy Naam bekend te maak aan die mense wat die Vader aan Hom uit die wêreld gegee het. Wanneer ons dan God as *ons Vader* aanroep, word Christus deur ons verheerlik. En aangesien die Heilige Gees ons tot God laat roep *Abba*, kry ons ook die bevestiging dat Jesus werklik die opdrag wat Hy van sy Vader ontvang het, volbring het. Die effek van alles wat Jesus vir ons gedoen het deur sy verlossingswerk begin in ons lewens hoorbaar word in ons aanroeping van God as *ons Vader*.

Vir ons mense om God werklik innig as *ons Vader* aan te roep, is dit nodig dat ons Hom ook werklik sal ken. Daarom het Christus ons in die gebed geleer om heel eerste te bid: **Laat u Naam geheilig word**. En wanneer ons bely wat hierdie bede beteken, sê ons: **Gee allereers dat ons U reg ken**.

Om begrip van hierdie eerste bede te kry moet ons by die bede self begin. Jesus leer ons bid: **Laat u Naam geheilig word**. Dadelik sal mense wat die Here nog nie ken nie, sekerlik vir ons vra: Wat bedoel Jesus met die *Naam* van die Here. Die vraag is geldig omdat name by ons mense baie maal maar net 'n etiket is waaraan ons mekaar uitken. Die Naam van die Here is egter nie net 'n etiket nie, want van wie anders moet ons Hom onderskei? Daar is nie ander gode onder wie ons die Here aan sy Naam moet uitken nie. Hy is die enigste, ware God.

Lees 'n mens die psalms deur dan kom 'n mens agter dat Dawid, wanneer hy die Here loof, baie maal in een asem sê dat hy die Here loof en dat hy die Naam van die Here loof. Hierdie manier van praat oor die Here en oor die Here se Naam laat die gedagte by 'n mens ontstaan dat daar baie meer aan die Here se Naam is as net 'n woord om die Here uit te ken. Inderdaad, die wyse waarop Dawid dit in die psalms sê, laat 'n mens die afleiding maak dat die Here en sy Naam een en dieselfde is.

Hierdie afleiding wat ons gelowiges maak, word nie sommer uit die lug gegryp nie. In die derde gebod sê die Here: **Jy mag die Naam van die HERE jou God nie ydelik gebruik nie**. Met hierdie woorde maak die Here self dit aan ons duidelik dat sy Naam en Hy dieselfde is. Wanneer iemand die Naam van die Here as 'n vloekwoord gebruik, is daardie mens besig om die Here ons God self te vloek. Daarom, so bely ons dit ook, is daar nie 'n sonde wat God so vertoorn as die lastering van sy Naam nie. Hy het selfs beveel dat die mens wat sy Naam laster met die dood gestraf moet word.

Wanneer ons dit hoor, broers, susters en kinders, besef ons hoe ernstig hierdie bede inderdaad is, en ons bely met hierdie bede dan ook ons eie swakheid en ellende. In die Paradys, voor die sondeval en toe die mens en sy vrou nog volmaak was, is hierdie bede nie gebid nie, want hulle twee het God reg geken. Ons bely dit in Sondag 3:6 – **God het die mens goed en na sy ewebeeld geskep. Dit beteken: in ware geregtigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kon ken, Hom van harte kon liefhê en saam met Hom in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys**. Op die nuwe aarde sal hierdie bede eweneens nie gebid word nie, want dan sal ons gelowiges volmaak wees. Ons sal nie meer sonde hê nie en ons sal God volmaak ken. Dit is dus net ons sondaars wat God se Naam kan ontheilig en misbruik. Daarom moet ons bid: **Laat u Naam geheilig word**. Nog eens word dit dan bevestig dat ons God reg moet ken sodat ons sy Naam kan heilig.

Jesus self heg groot waarde daaraan dat ons God sal ken. Ons het dit in sy gebed gehoor: **En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is**. (Johannes 17 3 AFR1983) Christus is deur sy Vader na hierdie wêreld gestuur om aan hulle wat Hy uitgekies het die ewige lewe te gee wat die mens deur sy sonde verloor het. Daarom het die Heilige Gees ook vroeër in die boek van Johannes geskryf dat Jesus onder die mense kom woon het om God die Vader aan ons te verklaar. In Jesus Christus leer ons God werklik ken – wie Hy is en wat Hy doen.

Ons almal weet watter groot flater 'n mens kan begaan as jy iemand nie ken nie of nie goed ken nie. As ek iemand sleg ken, koester ek maklik verkeerde gedagtes oor hom of haar, terwyl nadere kennismaking met die persoon my dikwels laat besef hoe verkeerd ek was. As gevolg van ons sonde en sondige geaardheid ken ons God nie meer reg nie. Van die vroegste tye af het mense vanweë hulle sonde so blind geword dat hulle God nie kon leer ken uit sy werke in die skepping nie. Paulus skryf daarvan in Romeine 1. In plaas daarvan dat mense God geëer het omdat Hy God is, het hulle sy werke toegedig aan allerhande natuurkragte of hemelliggame of selfs diere en mense. En die eer en lof wat die mense aan God moes gee, het hulle aan dié skepsels gegee.

Vir ons wat vandag leef, klink hierdie manier van doen uiters dom. Dit is nie werklik so dom nie, geliefdes. Die mens van vandag doen nog steeds dieselfde omdat hulle God nie reg ken nie. Hulle roem net op ander dinge as die mense van vroeër.

Laat ons weer luister wat die Heilige Gees vir ons sê: **Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie.** Die wêreld wat God nie ken nie en nie wil ken nie, heg baie groot waarde aan hierdie drie dinge: wysheid, krag en rykdom. En wanneer 'n mens hom op iets beroem, sê jy daarmee dat jy daarop staatmaak en daarop steun. Die Here heg nie waarde hieraan nie, want wysheid, krag en rykdom gee niemand 'n beter plek voor die aangesig van die Here nie. Met wysheid, krag en rykdom kan 'n mens nie vir homself 'n ewige verhouding met God verseker nie.

En hoe dom kan 'n mens nou wees wat op hierdie drie dinge wil roem teenoor Hom wat ons in hierdie drie dinge verreweg oortref. Dit is dwaas om te roem op jou geleerdheid en verstandelike vermoëns teenoor die Here wat alwetend is. Dit is gek om teenoor die Here te spog met al jou liggaamlike krag en goeie gesondheid terwyl Hy almagtig is. Dit is net iemand wat die Here nie reg ken nie, wat op sy rykdom sal roem. Aan die Here behoort immers al die diere op die duisende berge en die berge waarop hulle staan is die Here s'n. En die aarde waarop die berge gegrondves is, behoort aan die Here, sowel as die sonnestelsel waarbinne die aarde wentel, asook die heelal waarin die sonnestelsel maar 'n klein kolletjie is.

Dus, wysheid, rykdom en krag wat in die oë van die wêreld so baie tel, maak nie 'n indruk op die Here nie. In elk geval, as 'n mens mooi daarvoor nadink, sal jy besef dat al drie hierdie dinge gawes is wat die Here aan die mense gegee het. En Hy het dit beslis nie aan die mense gegee sodat hulle daarmee by Hom moet kom spog asof dit hulle eiendom is nie. En nog minder kan hulle dit gebruik om te dink hulle kan iemand anders uit die pad uit stamp om voor die troon van die lewende God te kom staan asof hierdie drie gawes hulle die reg gee om voor die Here te verskyn. Ja, asof hierdie drie dinge hulle die reg op die ewige lewe gee.

Nou sal iemand kan vra: Wat tel dan by die Here? Die volgende tel by die Here: **maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die Here is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die Here.** Die Here het nie behae in hoeveel grade 'n mens agter sy naam kan skryf of hoeveel geleerde boeke hy geskryf het nie. Dit verheug die Here nie om te sien hoeveel politieke of militêre krag iemand het nie. Die Here vind ook geen blydschap daarin om te sien hoe groot 'n mens se bankrekening is of oor hoeveel reserwes 'n mens het nie. Die Here skep ook nie behae daarin hoeveel preke 'n mens in sy Naam gelewer het, of hoeveel duiwels jy in sy Naam uitgedryf het nie. Die Here verheug Hom daarin dat sy mense hulle geleerdheid, krag en rykdom met liefde, reg en regverdigheid beoefen omdat hulle die Here ken wat hierdie gawes aan hulle gegee het.

Dat ons God die Vader dan sal ken soos wat Jesus Christus Hom aan ons verklaar, dit tel by die Here. Om voor die troon van die Here te kan staan, moet ek en jy daarop steun dat ons die Here ken – reg ken. *Ken* beteken nie dat ons maar net van die Here weet of net met ons verstand ken nie. Met

ken bedoel die Here dat ons Hom met ons hart liefdevol sal ken. Dat hierdie ken tot 'n hegte, intieme verhouding met Hom sal lei.

Iemand wat die Here nog nie ken nie, sal jou kan vra: Waar leer 'n mens die Here ken? Vir ons gelowiges is die antwoord maklik. Afgesien daarvan dat ons die Here in sy werke in die natuur kan leer ken, leer ons Hom in besonder ken deur die Bybel. Dit wat Christus wil hê ons van Hom en sy Vader moet ken, het sy Gees vir ons in die Bybel opgeteken. Wie God reg wil ken, behoort te volhard in studie van die Bybel. In die Bybel leer ons die Here ken as ons God wat sy almag, liefde, trou, goedheid, verdraagsaamheid en regverdigheid teenoor mense bewys.

Om God reg te ken, beteken dat ons die hele Bybel sal bestudeer. Die mens wat die Bybel lees en net 'n kwaai God raaksien wat die sonde haat en sondaars tot niet gaan maak, ken God nie reg nie. En wie die Here so verkondig om mense bang te maak vir die hel, het 'n valse verkondiging van die Here. Die Here is immers barmhartig. Hy skenk aan die sondaars wat deur die Heilige Gees in Hom glo die ewige lewe wat Christus vir hulle verdien het.

Net so min as wat ons God moet leer ken net as 'n kwaai God wat heelyd raas, moet ons Hom ook nie net leer ken as 'n liefdevolle en saggearde God wat maar altyd net sê: Toemaar, Ek het jou lief, maak nie saak wat jy doen nie. God is inderdaad die God van liefde en genade, maar Hy is ook regverdig. In plaas daarvan dat Hy die sonde net oorsien, het Hy dit aan sy Seun gestraf. En die mens wat nooit hierdie regverdige genade van die Here wil aanvaar en deur die geloof as sy eie toe-eien nie, sal op die laaste dag die ewige straf op die sonde self moet dra.

Geliefdes, met die eerste bede vra ons dus dat die Here ons heel eerste met sy Gees en Woord sal help dat ons Hom reg kan ken sodat ons Hom kan heilig, roem en prys. Net die Here kan ons help om sy Naam te heilig. Maar wat beteken dit om die Naam van die Here te heilig? Aan die een kant beteken dit dat ons alles sal verwerp en laat staan waardeur God oneer aangedoen word. Aan die ander kant beteken dit dat ons al God se werke en deugde onophoudelik sal roem en prys.

Prakties beteken dit dat ek myself sal ondersoek en kyk watter dade, woorde en gedagtes by myself nie tot eer van die Here is nie. Wanneer ek oneerlik is, vloek, lieg, kul, vuil grappe vertel, en dit by my al 'n gewoonte geword het, is ek besig om nie die Here se Naam te heilig nie. Dan doen ek nie net die Here met my eie lewe oneer aan nie, maar ek veroorsaak ook dat ander mense agter my aan dieselfde verkeerde dinge doen. Deur sulke ontterende en ontheiligende optrede druk ons mense van God af weg in plaas daarvan dat ons hulle nader aan God gelei het. Sodra ek weet watter dinge in my lewe God nie heilig nie, moet ek daarvan ontslae raak. En waar ek ander mense sien of hoor die Naam van die Here oneer aandoen, moet ek hulle vermaan. Maar daar hou ons nie op nie. Ons bid immers dat ons die Naam van God wil heilig, daarom gaan ons ook met ons hele lewe die genade en regverdigheid van die Here soos ligstrale laat uitstraal sodat nog meer mense God waarlik kan leer ken.

Ons wil God se Naam heilig en eer en prys omdat Hy in Christus so 'n groot liefde teenoor ons bewys het. As ek die liefde en genade wat die Here in Christus aan my bewys het werklik beleef, dan moet ek ook daarvan vertel: Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan my bewys het dat Hy my in Christus tot sy kind aangeneem het sodat ek eenmaal die ewige saligheid kan binnegaan.

As ek iets in die natuur sien wat wonderlik mooi is – 'n waterval, 'n hoë berg of aangrypende blommeprag – dan moet ek sê: dit getuig van die grootheid en almag van God. As ek na 'n reis veilig tuis gekom het, moet ek sê: dit kon gebeur net deur die goedheid en bewaring van die Here. So heilig ons dan inderdaad die Naam van die Here.

Laat ons daarom elke woord en optrede van ons weeg en keur. Die mense rondom ons moet

Christus in ons lewe kan raaksien en deur ons woorde en dade oortuig word om God te verheerlik. Wie dit doen, is 'n navolger van Jesus Christus om die Naam van die Here te heilig, te roem en te prys omdat hulle Hom reg begin leer ken..

Amen!

Slotgebed

Psalm 86:5, 6 (p. 433)

- 5 Al die volke<sup>en</sup> in heidenlande – / eie maaksiel van u hande –  
sal hul neerbuig voor U, HEER, / en u Naam aanbiddend eer.  
Want u grootheid ken geen perke; / U alleen doen wonderwerke:  
daar 's geen God naas U, geeneen, / U is God, ja, U alleen!
- 6 Leer my na u wil te handel, / 'k sal dan in u waarheid wandel;  
neig my hart en voeg dit saam / tot die vrese van u Naam.  
HEER, ek hef my hart na bowe, / nuwe sangstem sal U lowe,  
nuwe dank sal voor U rys – / 'k sal u Naam vir ewig prys.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
11 Maart 2012